TIMOL

Beserings nie deur geweld veroorsaak

DIE tien beserings wat Ahmed Timol voor sy dood opgedoen het, is gister herhaaldelik en tot in die fynste besonderhede in die Johannesburgse landdroshof bespreek toe dr. N. J. Schepers, die staatspatoloog wat 'n lykskouing op Timol uitgevoer het, in kruisverhoor geneem is deur die regsverteenwoordigers.

Die dokter het sy hoofgetuienis reeds vroeër in die geregtelike ondersoek na die dood van die 30-jarige Indiër-aangehoudene afgelê. Die hof het op 24 Mei verdaag sodat die vyf patoloë al die beserings kon bespreek.

Hulle het ooreengekom dat Timol, wat op 27 Oktober verlede jaar gesterf het toe hy uit 'n venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein geval het, tien beserings voor sy dood opgedoen het.

Skaafplek

Vyf van die tien beserings is skaafplekke en die ander vyf is kneusplekke. Die vyf skaafplekke is: twee skaafmerke met rowe op die regter skouerbeen, 'n merk aan die regter bobeen, 'n skaafmerk aan die regter elmboog en voorarm, veelvuldige skaafmerkies aan die regter skouerblad en 'n redelike groot merk aan die linker voorarm.

In kruisverhoor deur mnr. S. A. Cilliers (namens die Polisie) is die eerste skaafplek wat bespreek is, die twee merke op die regter skouerbeen. Dr. Schepers het gesê dat die een so oud is dat dit buite rekening gelaat kan word.

Die ander skaafplek kan nie minder as vyf dae oud wees nie.

„Ek kan geen teken van geweld aflei van dié klein beserinkie nie," het dr. Schepers gesê.

Ten opsigte van die skaafplek aan Timol se regterheup het die dokter gesê dat die besering vyf tot agt dae voor sy dood opgedoen is. Die grootte was 2½ cm by 'n half sentimeter.

Oppervlakkig

„Dit was 'n oppervlakkige besering gewees. Daar is geen bewys van ernstige geweld nie. Die besering stem ooreen met



AHMED TIMOL

beserings wat almal van ons in die alledaagse lewe opdoen," het die dokter gesê.

Die skaafplek aan Timol se regter elmboog was ook oppervlakkig van aard — „'n mens sal dit selfs vergeet as jy dit het," sê dr. Schepers.

Daar was geen geweld nie en die krag wat uitgeoefen is, is van 'n baie geringe aard.

Die besering aan die regter skouerblad se roof het al begin afval. Dit is ook 'n oppervlakkige besering wat minstens vyf dae oud kon gewees het. Dit kon selfs in die nege tot twaalf dae-tydperk geval het, het die dokter erken.

Stamp

Aan Timol se linker voorarm was daar 'n redelike groot skaafplek. Volgens die dokter het dit beslis gelyk of die besering deur 'n hou of 'n stamp teen 'n harde reguit voorwerp veroorsaak is. Dit val ook in die vyf tot agt dae tydperk, het dr. Schepers gesê.

Dr. Schepers kon egter nie sê hoe hard die hou was nie, dit sal afhang van die grootte van die voorwerp waarmee geslaan word. Dit kon ook 'n stamp gewees het.

„So 'n skaafwond kan maklik opgedoen word as 'n mens in iets vasloop of as jy jou arm teen iets vasswaai."

Dr. Schepers kon geen ouderdom vasstel vir die twee kneusplekke aan die regter bobeen en die linkerkant van die bors nie. Hy het net gesê dat dit ou beserings is en dat dit amper onmoontlik is om die ouderdom vas te stel.

Vasgehou

Die kneusplek aan die regter boarm kon veroorsaak gewees het deur 'n hand wat hom hard aan die arm vasgehou of gegryp het. Dit is egter onwaarskynlik, het die dokter gesê.

Die dokter het verder gesê dat die kneusplekke aan die linkerkant van die bors nie deur baie krag veroorsaak kon gewees het nie, want as dit die geval was, dan sou daar van die ribbes gebreek gewees het.

'n Mens kan nie met sekerheid sê dat enigeen van die beserings deur vingers veroorsaak is nie. Al wat dr. Schepers kan sê is dat dit moontlik deur vingers veroorsaak kon gewees het. Die vat-teorie wat mnr. I. A. Maisels, QC (namens die Timol-gesin) aan hom gestel het, is eenvoudig spekulasie.

Net nadat dr. Schepers die skaafplekke behandel het, het hy gesê dat hy nie die ouderdom van die merke akkurater kan bepaal as wat hy het nie, aangesien hy nie self navorsing in die gebied gedoen het nie.

Wande

Hy het gesê dat al sy bevindinge gegrond is op 'n publikasie van 'n Australiese spesialis, dr. I. Robertson, waarin 'n bespreking van die vasstelling van die ouderdom van wonde voorkom.

Volgens dr. Schepers het nie hy of enigeen van die ander patoloë 'n studie in dié rigting gedoen nie. Hulle berus almal by dr. Robertson.

Mnr. J. J. L. de Villiers is die landdros en word bygestaan deur 'n assessor, prof. I. W. Simson. Mnr. A. Beukes lei die getuienis. Mnr. I. A. Maisels, Q.C. bygestaan deur mnr. G. Bizos, (in opdrag van Cachalia en Loonat), tree namens die Timol-gesin op. Mnr. S. A. Cilliers (in opdrag van die Staatsprokureur) tree namens die Polisie op.

Timol death fall made headlines

Sunday Dec. 24, 1972 Sunday Times News engine

teacher who fell to his death from the 10th floor of John Vorster Square, had committed suicide. He said that nobody was to blame for his death.

The magistrate said the probable motive was Mr. Timol's political ideals and the chain of events following his arrest with incriminating documents in his possession. He recommended that, in future, detainees under the Terrorism Act should be examined by a district surgeon as soon as possible after their arrest to establish their state of health.

Four Indians convicted under the Terrorism Act were each sentenced to five years in prison. The four, Mohamed Salim Essop, 23, Yousuf Hassan Essack, 22, Indhrasen Moodley, 27, and Amina Desai, 51, were refused leave to appeal by Mr. Justice Snyman. In December lawyers acting for the four were preparing to petition the Chief Justice for leave to appeal and also for bail.

The Very Rev. Gonville Aubie ffrench-Beytagh, then Dean of Johannesburg, succeeded in an appeal against his conviction of five years' jail for contravening a section of the Terrorism Act.

He said before he left for London: "The upholding of my appeal shows there is still justice in South Africa's courts."